

30 Junie

Josua 1

Die lewe moet voortgaan, ten spyte van wat ook al gebeur...

Josua was baie geskok met die dood van Moses.

Baie jare het hy nou saam met hierdie groot leier van God se volk geleef en nou moet hy hierdie groot taak oorneem.

Dis 'n moeilike taak. Sou hy dit kon doen?

Dan hoor hy hierdie woorde, wat opgeteken staan in die Woord van God (Jos 1:9):

Wees sterk, wees vasberade.

Moenie skrik nie, moenie bang wees nie,

Want Ek, die Here jou God is by jou, oral waar jy gaan...

Watter diepe vertroosting en versekering van die Here self. Hierdie woorde kom ook tot elkeen van ons. Want 'n refrein weerklink aan die einde van die Evangelie van Matteus 28:18-20.

Die woorde van Ons Here Jesus Christus:

Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.

En onthou: Ek is by jou al die dae tot die voleinding van die wêreld.

Ons as gelowiges het as't ware die driedubbele versekering.

Van God die Vader in Josua 1:9.

Van God die Seun - Jesus Christus in Matteus 28:20.

Van God die Heilige Gees in Johannes 16.

God Drie-Enig is by ons en met ons.

Ons tye is in sy hand.

Niks of niemand kan ons uit sy hand ruk nie (Joh. 10:28).

Daarom kan ons soos Josua van ouds nuwe uitdagings aandurf, omdat ons duidelik die versekering uit die Woord van God kry.

Ons God, God Drie-Enig, Skepper van hemel en aarde is met ons, by ons deur sy Seun en die Heilige Gees. Ons weet ons hulp en krag kom van Hom en Hy sal ons lei.

Maar dan moet ons volg waar en soos Hy lei.

Ons moet leef in afhanklikheid van God.

Ons moet Hom dien en bely in ons werk en ons handel.

Omdat Hy ons Vader is moet ons leef as sy kinders. Vandag en elke dag.

Sing: Psalm 91:1

Ds. D.E Coetzee (Virginia)